# HOOFSTUK 9

# DIE KONSENTRASIEKAMPE VIR KLEURLINGE EN "SCOUTS"

## 9.1 DIE BUYSE IN DIE KONSENTRASIEKAMP TE PIETERSBURG

### 9.1.1 Die Buyse van Mara

Dié Kleurlinge is afstammelinge van die witman Coenraad de Buys wat alreeds in 1814 die Kaap verlaat het. Die eerste trekkers, Louis Trichardt en Andries Hendrik Potgieter, het in die Zoutpansberg met Doris, Gabriël en Michael, die seuns van Coenraad de Buys, kennis gemaak. Die Buyse het vanuit die staanspoor hulle lot by dié van die Trekkers ingewerp - eers as touleiers, veewagters en tolke en later as burgers van die Republiek.[1] Volgens eerwaarde S. Hofmeyr het die Buyse gedurende die Tweede Vryheidsoorlog veel gely weens hulle getrouheid aan die Afrikaners. Die Buyse het die republikeinse kant gekies en is in 'n aparte konsentrasiekamp naby Pietersburg geplaas. Een van hulle het later opgemerk dat die Afrikaner teen sy pa gestaan het maar Buys was nie een dag teen sy Afrikaner-regering nie. Hulle het eenkeer gekies en klaar gekies - St. Helena of maak dood![2]

### 9.1.2 Die tydperk van Mei 1901 tot Februarie 1902

Vir die tydperk vanaf Mei 1901 tot Februarie 1902 is daar baie min gegewens oor die Buyse van Mara bekend.

Die Kleurlinge is eers na die Irenekamp gestuur. In April 1901 het 'n groep Kleurlinge, waarskynlik lede van die Buysgroep naby

---

[1] W.L. Maree, *Lig in Soutpansberg. Die sendingwerk van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Noord-Transvaal 1863-1963*, pp.42-46; E.H. Hudson, Die geskiedenis van die onderwys in die gebied Zoutpansberg met verwysing na die maatskaplike verband, p.223.

[2] W.L. Maree, *Lig in die Soutpansberg...*, pp.133, 154.

Zoutpansberg, en swartes vanaf Pietersburg in die Irenekamp aangekom. Daar is hulle as die blankes se gelykes behandel waarop die blankes hulle ontevredenheid by die superintendent gaan lug het. Die Superintendent het na Pretoria getelegrafeer om raad. J.L. Hattingh meen dat die Kleurlinge blykbaar elders heen gestuur is aangesien daar nie weer van hulle melding gemaak is nie.[3]

Die Buyse is waarskynlik weer na Pietersburg gestuur nadat die kamp in Mei 1901 daar begin is. Gedurende Mei 1901 het kommandant Conrad Buys met 47 mans, 56 vrouens, 55 kinders, en 10 waens na Pietersburg gekom.[4] Gedurende November 1901 was daar 162 Kleurlinge - 49 mans, 58 vrouens en 55 kinders - in die kamp.[5]

Die Buyse is in 'n klein kamp net buite die grense van die kamp vir blankes geplaas.[6] Aanvanklik het die Buyse in hulle waens, waaroor seile getrek was, gebly.[7] Gedurende Julie 1901 het hulle twee groot markeetente ontvang en gedurende Augustus 1901 het die Kleurlingkamp uit twee markeetente en 'n aantal kleiner tente bestaan.[8]

---

[3] J.L. Hattingh, Die Irenekonsentrasiekamp, p.109.

[4] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps in the Transvaal, Orange River Colony and Natal, November 1901, p.70.

[5] Cd. 893: Report on the Concentration Camps in South Africa by the Committee of Ladies appointed by the Secretary of State for War, 1902, p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[6] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.70, 146, 262.

[7] DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 11, 30th June 1901, Monthly Report; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., pp.70, 146.

[8] Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.262; Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.217, Pietersburg, August 12th, 1901, Report by Kendal Franks.

Gedurende Mei 1901 het die Buyse rantsoene soos vir tweede klas inwoners ontvang.[9] Volwassenes het 7 pond meel, 4 onse sout, 4 onse koffie en 8 onse suiker per week ontvang. Kinders het 3 1/2 pond meel, 2 onse sout, 2 onse koffie en 8 onse suiker per week ontvang.[10] Of dié mense later vleis ontvang het blyk nooit uit die beskikbare gegewens nie.

Meneer Pienaar, 'n teologiese student, het elke Sondag vir die Kleurlinge 'n erediens gehou. Dié diens is eers in die opelug gehou en vanaf November 1901 in 'n groot markeetent.[11]

Teen November 1901 was daar nog geen skool vir die Kleurlingkinders nie. Die inspekteur het gehoop om vir dié kinders 'n skool te begin. Die probleem was egter dat hulle nie saam met die blankes geklassifiseer kon word nie. Maar tog het die Kleurlinge daarop aanspraak gemaak dat hulle ook landsburgers is en hulle het ten sterkste beswaar gemaak teen die benaming "Bantoe".[12]

Conrad Buys was groot en fors met Negergelaatstrekke. Hy het sy kamp met groot diskresie en verstandigheid gereël.[13] Vir die hele duur van die kamp is daar gereeld in die maandverslae gemeld dat die Kleurlinge,

---

9 Cd. 819: Reports on the working of the Refugee Camps..., p.70.

10 S.B. Spies, Methods of Barbarism? Roberts and Kitchener and Civilians in the Boer Republics January 1900-May 1902, p.185; G.H.L. Le May, British supremacy in South Africa 1899- 1907, p.97.

11 Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps in South Africa, 1902, p.96, DBC: Director of Burgher Camps..., band 11, 30th November 1901, Monthly Report.

12 Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

13 Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.203, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

onder Conrad Buys, se gedrag altyd goed was; dat hulle die reëls vir hul neergelê altyd nagekom het en dat die kamp netjies en skoon was.[14]

**9.1.3 Die tydperk 18 Februarie 1902 tot 30 Junie 1902**

**9.1.3.1 Die Buyse bly agter**

Nadat generaal Christiaan Beyers die konsentrasiekamp op 23 Januarie 1902 aangeval het, is slegs die blankes vanaf die 12de tot die 18de Februarie na Colenso in Natal verskuif. Die 155 Buyse, het in Pietersburg in die sorg van die stoorman, meneer Alex G. Watt agtergebly.[15]

**9.1.3.2 Die ligging en die grootte van die kamp**

Nadat die blankes na Colenso verskuif is, is die kamp vir Kleurlinge nader na die dorp verskuif. Die ligging van die kamp is deur die militêre owerheid uitgesoek en is baie geskik gevind. Die nuwe kamp was omtrent 200 jaarts (182 meter) vanaf Pietersburg se grensdraad.[16]

Die kamp wat omtrent 100 jaarts (91 meter) breed was, is met draad omhein om te verhoed dat die kampinwoners buite in die veld ronddwaal en om swartmense wat daar naby in 'n lokasie gebly het, buite te hou.[17]

---

[14] Cd. 902: Further papers relating to the working of the Refugee Camps., p.97; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 12, 31st December 1901, Monthly Report; FK 609: Colonial Office 417/349, vol.4, 1902, p.735.

[15] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, Report to 18th February 1902.

[16] FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.607; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report.

[17] FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.761; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.607.

Die kamp het vanaf Februarie tot Junie 1902 uit 42 ronde tente en een groot markeetent bestaan.[18] Gedurende April 1902 was daar 152 inwoners - 43 mans, 59 vrouens en 50 kinders - in die kamp.[19]

### 9.1.3.3 Watervoorsiening

Drinkwater is nog steeds uit die Sandrivier verkry. Elke dag is vate vir dié doeleindes gevul. Water vir kook- en wasdoeleindes is vanuit Sterkspruit verkry wat omtrent 50 jaarts (45,5 meter) vanaf die kamp aan die westekant verbygevloei het.[20]

Die kampinwoners was vry om die kamp te verlaat en self water uit Sterkspruit te gaan haal. Aan die begin van April 1902 het die Weermag nog 'n ekstra sterk heining buite om die kamp opgerig en dit het die inwoners verplig om eers na die naaste blokhuis te loop, daar die kamp te verlaat en dan weer met die pad af te loop rivier toe. Dit was baie ongerieflik en meneer Watt het 'n skriftelike versoek aan die bevelvoerende offisier gerig om 'n opening in die heining, wat saans weer toegemaak kon word.[21] Die versoek is egter geweier aangesien die bevelvoerende offisier so 'n opening in die heining as onwys beskou het.[22]

---

[18] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report; FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.761.

[19] FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.607; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report.

[20] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report.

[21] FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.608: DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report.

[22] FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.762; DBC: Director of Burgher Camps, March 1900-August 1905, band 13, 31st May 1902, Monthly Report.

#### 9.1.3.4 Sanitasie

Die Buyse het self, met behulp van 'n wa en vate, die sanitasie van die kamp behartig. Daar was twee latrines in die kamp. Een vir mans en een vir vrouens.[23] Die emmers is verwyder en skones is in hulle plek geplaas sodat die ander eers deeglik gewas en ontsmet kon word. Die naggrond is ook gereeld verwyder en vars sand is op die vloere gegooi. Ook alle ander vullis is twee keer per dag verwyder.[24]

#### 9.1.3.5 Rantsoene

'n Ou plaashuis wat op die terrein gestaan het, is aan die kampowerheid beskikbaar gestel. Nadat die huis effens herstel is, is die kampinwoners se rantsoene daar uitgedeel. Die taak is deur F. George van die Wilts regiment en vier burgerlikes uit die dorp verrig aangesien al die personeel na Colenso verskuif is. Dié huis is ook as stoor vir die weeklikse voorraad bevrore vleis gebruik. Daar was geen ander store in die kamp nie aangesien voorrade maklik vanuit die dorp verkry kon word.[25]

Daar is geen gegewens oor die rantsoenskaal beskikbaar nie. Maar die kwantiteit sowel as die kwaliteit van die voorrade word deurgaans as voldoende en goed beskryf.[26]

---

[23] Sien hoofstuk 4. Dit is nog minder persone per toilet as wat in die blanke kamp die geval was.

[24] FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, pp.762, 763; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.609.

[25] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report.

[26] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report; FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.762.

#### 9.1.3.6 Mediese dienste en addisionele voedsel

Die algemene gesondheid van die kampinwoners was gedurende dié paar maande goed.[27] Dokter Percy A. Green, 'n distrikgeneesheer, het opdrag gekry om alle persone op Watt se rantsoenlys gratis te behandel. Terwyl hy gedurende Februarie 1902 gereël het vir medisyne is die voorskrifte vir die Buyse deur 'n plaaslike apteker opgemaak en teen die kamprekening gedebiteer. Addisionele voedsel soos pêrelgort, maizena, melk, vleisekstrakte, botter en hawermeel is net aan siekes, op voorskrif van dokter Green, voorsien.[28]

In die lig van dié omstandighede het Watt ook gevind dat hy nie die dienste van 'n noodlenigings- of kampmatrone benodig nie.[29]

#### 9.1.3.7 'n Skool

Meneer Watt het vir kommandant Conrad Buys as onderwyser aangestel. Vir dié taak saam met sy ander pligte in die kamp, byvoorbeeld die hou van goeie orde en dissipline, het hy 2s 6d per dag ontvang.

Hy het in 'n groot markeetent skoolgehou en kon Engels redelik goed lees en skryf en was dus in staat om Engels te onderrig. Watt meld dat volgens wat hy kon waarneem het Buys 'n groot mate van sukses met die onderrig van sy mense behaal.

---

[27] FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.762; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report.

[28] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 28th February 1902, Monthly Report.

[29] FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.609; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report.

Die inspekteur van skole, meneer Richey het die kamp besoek en beloof om sy bes te probeer om meer geskikte boeke en leie vir die kinders te kry, maar het dit duidelik gestel dat die onderrig van swartmense nie onder sy departement geval het nie. Waarop Watt weer daarop gewys het dat dié leerlinge nie onder die hoof van Bantoekinders behandel kan word nie.[30] Op 31 Mei 1902 het daar egter nog geen boeke of leie opgedaag nie.[31]

### 9.1.3.8 Kerk

Die groot markeetent wat gedurende die week as skool gebruik is, is op Sondae vir godsdiensoefening gebruik. Daar word nie in die Britse amptelike stukke gemeld wie die godsdiensoefening gedurende Februarie tot Junie 1902 waargeneem het nie, maar 'n dominee Daneel het wel 'n permit gehad om die Evangelie aan die Buyse te gaan verkondig.[32]

### 9.1.3.9 Polisie

Watt het gedurende die maande Februarie tot Junie 1902 dit nooit nodig gevind om persone as polisie aan te stel nie aangesien kommandant Buys as hoof van die kamp goeie orde gehandhaaf het en die geringste teken van ongehoorsaamheid gerapporteer het.[33]

---

[30] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.609.

[31] FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.763; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report.

[32] FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.610; FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.763; W.L. Maree, Lig in Soutpansberg..., p.154.

[33] FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.610; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report.

### 9.1.3.10 Algemene houding van die kampinwoners

Die mense was oor die algemeen gelukkig en tevrede. Watt het sy bes probeer om vir die vrouens waswerk in die dorp te kry wat hulle 'n paar sjielings per maand kon besorg en waarmee hulle vir hulle klere kon gaan koop. Die kampinwoners is toegelaat om 'n paar op 'n slag dorp toe te gaan om hulle benodigdhede daar te gaan koop aangesien daar nie 'n winkel in die kamp was nie.[34] Die Buys-Kleurlinge het ook met hulle waens en osse transportwerk vir Watt gedoen, maar in April 1902 meld hy dat na 'n runderpes dié mense die minimum diere vir dié werk oorgehad het.[35]

### 9.1.3.11 Terug na Mara

Gedurende April 1902 het kolonel Harrison voorgestel dat die Buyse na Mara teruggestuur word. Weens militêre redes het dié voorstel nie werklikheid geword nie.[36]

Op 30 Junie 1902, met ander woorde 'n maand na vredesluiting, verlaat die Buyse die konsentrasiekamp op Pietersburg en keer hulle terug na Mara by die Zoutpansberg. Daarna is alle toerusting op die terrein dadelik bymekaar gemaak met die oog op die terugkeer van die blankes uit Pinetown, Natal.[37]

---

[34] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.610.

[35] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.610.

[36] FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.610; DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report.

[37] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13th, 30th June 1902, Monthly Report.

## 9.2 'N KAMP VIR DIE "SCOUTS"

### 9.2.1 Die ontstaan van die "Scouts"

Na die oorgawe van generaal Cronje op 27 Februarie 1900 en die val van Bloemfontein in Maart 1900 het van die Boere vrywillig hulle wapens by die Britse militêre owerheid gaan neerlê en gewoonlik ook 'n eed van neutraliteit afgelê. Dié Boere is "hensoppers" genoem, maar van die wapenneerlêers het 'n stap verder gegaan en het aktiewe militêre diens aan die Britse kant teen die Boere begin doen en hulle is "joiners" genoem.[38]

Op die 15de Februarie 1901 was daar reeds 'n National Scout-korps. Die Britse owerheid in Transvaal het vroeg in Oktober 1901 begin om die militêre hulp van die wapenneerlêers op 'n beter organisatoriese grondslag te plaas. Op 2 Oktober is besluit om die National Scouts verder uit te brei en amptelik by die Britse leër in te skakel. Met die National Scouts het sommige wapenneerlêers dus op 'n georganiseerde wyse die wapen teen hul medeburgers opgeneem. In Noord-Transvaal was kommandant J.G. Celliers en veldkornet A.Z.A. Briel met drie korporaals in bevel van 113 National Scouts te Pietersburg.[39]

---

[38] F. Pretorius, 1899-1902. Die Angloboereoorlog, p.67.

[39] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", pp.198, 206; F. Pretorius, 1899-1902..., p.73.

### 9.2.2 Die "Scouts" te Pietersburg asook 'n afsonderlike kamp vir hulle

Baie van die gesinne van die National Scouts is toegelaat om in huise op die verskillende dorpe te woon.[40] Gedurende Mei 1901 was daar al 78 vrouens en kinders wat in huise in Pietersburg gewoon het.[41] Daar is ongelukkig vir die tydperk vanaf Mei 1901 tot Februarie 1902 nie gegewens oor die familielede van die Scouts beskikbaar nie.

In Desember 1901 is besluit om afsonderlike kampe vir die Scouts se gesinne op te rig.[42] Daar is ook te Pietersburg 'n afsonderlike kamp vir National Scouts en hulle gesinne opgerig.[43]

Gedurende April 1902 was daar 517 Scouts - 71 mans, 223 vrouens en 223 kinders - in Pietersburg woonagtig.[44] Eers in April 1902 word daar melding gemaak van 'n afsonderlike kamp vir die Scouts en hulle families.

Dié kamp is net binne die dorpsgrense opgerig en het slegs uit ses ronde tente bestaan met sewentien inwoners - drie mans, agt vrouens en ses kinders. Die persone het wel ook huise in die dorp ontvang, maar weens

---

[40] F. Pretorius, 1899-1902..., p.73.

[41] Cd. 893: Report on the Concentration Camps..., p.206, Report on Burgher Camp, Pietersburg, 17th and 18th November 1901.

[42] F. Pretorius, 1899-1902..., p.73.

[43] A.M. Grundlingh, Die "Hendsoppers" en "Joiners", p.208.

[44] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.607.

onsedelikheid en ander redes - wat nie presies omskryf word nie - is hulle uit die dorp gesit en in die kamp geplaas.[45]

Dié kamp se water vir algemene gebruik het uit die Sterkspruit gekom. Die water is in vate na die kamp gebring en is daar in ystertenks gegooi vir gebruik deur die inwoners.[46]

Die sanitasie van die kamp is twee maal per dag deur die Buyse behartig. Daar was ook twee latrines in die kamp. Een vir mans en een vir vrouens. Die emmers is verwyder en skones is in hul plek geplaas sodat die ander gewas en ontsmet kon word. Die naggrond is verwyder en vars sand is oor die toiletvloere gegooi. Ook alle ander vullis is twee keer per dag verwyder.[47] Al die "Scouts" en hulle families is deur dokter Percy Green medies versorg. Hulle gesondheid was oor die algemeen goed. Net gedurende Mei 1902 het daar veral griep en longontsteking onder die dorpsinwoners voorgekom, maar niemand is dood nie.[48]

Na 30 Junie 1902 het die "Scouts"-kamp vinnig vol geword, aangesien die magistraat opdrag gegee het dat die "Scouts" die huise in die dorp

---

[45] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report; FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.762; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.608.

[46] DBC: Director of Burgher Camps..., band 12, 30th April 1902, Monthly Report; FK 620: Colonial Office 417/351, vol.4, 1902, p.608.

[47] FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, pp.762-763; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report.

[48] FK 625: Colonial Office 417/352, vol.4, 1902, p.762; DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 31st May 1902, Monthly Report.

moes ontruim vir die oorspronklike eienaars wat na vredesluiting na hul huise teruggekeer het.[49]

Aanvanklik was daar erge gevoelens van vyandigheid en bitterheid tussen die "Scouts" en die ander burgers en meer as een keer het hulle handgemeen geraak.[50]

Op 31 Augustus 1902 was die kamp amper leeg aangesien die meeste Scouts na hulle huise vertrek het.[51]

## 9.3 SAMEVATTING

Alhoewel die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 in die eerste plek 'n stryd tussen Boer en Brit was, het dit die Buyse van Mara ten nouste geraak. Dié mense het ook veel gely weens hulle getrouheid aan die Afrikaners, en het soortgelyke behandeling as die Boere in die konsentrasiekamp ondervind. Die oorlog het ongelukkig ook verdeeldheid onder die Afrikaners gebring. Die Scouts was in 'n aparte kamp wat maar kortstondig bestaan het.

---

[49] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th June 1902, Monthly Report.

[50] DBC: Director of Burgher Camps..., band 13, 30th June 1902, Monthly Report.

[51] FK 975: Colonial Office 291/42, vol.5, 1902, pp.712, 713.